

## HOOFSTUK 7

### VERAFRIKAANSING → VERNEDERLANDSING<sup>1)</sup>

#### 7.1 INLEIDING

Soos uit die vorige afdeling geblyk het, was Hollands, afgesien van die "suiwer Nederlands" van die amptenary en die Hoog-Hollands van die Kaapse burgery, in werklikheid nooit die taal van die meerderheid van die koloniste nie. Hulle het Afrikaans (nie-Standaardnederlands) gesproat. Laasgenoemde, as gevolg van die tipering daarvan as 'n "verkeerde" vorm van Hollands, is egter nie as 'n "hoëfunksietaal" erken nie en is dus verag. Dít was die taal wat taalmense soos S.J. du Toit nie eers durf gebruik het of die moed gehad het om in stukke aan 'n Kaapse parlementslid te gebruik nie. Vergelyk byvoorbeeld wat J.H.H. de Waal ten opsigte van Du Toit opmerk:

*"Vooroordeel teen 'Kaapsch-Hollandsch' as penmedium was selfs by daardie taalleier, hoe onbewus ook, aanwesig ... Selfs daardie gevierre voorvegter van Afrikaans het nie die moed gehad om sy lering en voorskrif in die praktyk te beoefen nie" (De Waal 1939 (Deel VIII) : 241-242 in Steyn 1980 : 191).*

'n Verdere voorbeeld van die stigma van substandaard wat aan Afrikaans gekleef het, kom van 'n sekere predikant, ds. A.A. Louw, van die N.G.-gemeente Noorder-Paarl. Hy het De Waal as redakteur van *De Goede Hoop* in 'n brief sleggesê, omdat hy

*"... die verfoeilike 'Du Toit-taal' in sy blad vereer" (Steyn 1980 : 192).*

---

1) Vergelyk ook: Den Besten (1980 : 173).

Ook ander Afrikaanssprekendes het smalend opgemerk:

"Die Afrikaansche taal is belachelijk, want zij woont in de kombuis, op de straat, in de kantienen, in de woningen van onopgevoeden" (De Waal 1939 (Deel I) : 268).

G.S. Nienaber (1933 : 61) voeg hieraan toe:

"So bring die oorheersers die Afrikanertaal in oneer, en aan die vernedering werk die Afrikaner self mee ... Hy is skaam vir die selfde ding waarop die ander man trots voel – die moedertaal, die nasionaliteit! Dit kom omdat hy moes opkyk na die ander man, en die ander persoon sy taal verag en beledig."

Hier teenoor was Hollands met sy hoëre status (vergelyk hoofstuk 5) die "hoëfunksietaal". Máár, in die normale ontwikkeling van Afrikaans, in sy sogenaamde "sosiale opheffing" tot AB-ekwivalent dus, het Engels 'n belangrike rol gespeel.

Die verengeling van veral die Blanke bevolking in Suid-Afrika was na die tydelike besetting van 1795 – 1803 'n moontlikheid, maar na die Kaap in 1806 weer en finaal deur die Britte oorgeneem is, het die Engelse gedagte blywend sy intrede aan die suidhoek van Afrika gemaak. Gou het allerlei proklamasies die lig gesien: Engels moet in briefwisseling gebruik word; Engels die enigste taal in die howe; die Regering begunstig Engelssprekendes bo andertaliges; Engels in kerke; Engels die enigste medium op skool, ensovoorts, ensovoorts.

Tot nou toe het die nie-standaardsprekende volksdeel te staan gekom teenoor die minderbeskaafde inboorlingrasse (die Hottentotte en slawe) en hul gebroke vorm van Nederlands – met ander woorde 'n skakeling met ander substandaardvorme. Hierdie situasie is dan gebruik om 'n taalstigma aan almal wat Afrikaans (nie-Standaard-nederlands) praat, te laat kleef. Maar nóú? Nou het



hulle te doen met 'n ander Blanke nasie wie se taal 'n kultuurtaal, 'n wêreldtaal is. Die Engelse het die land besit en regeer en mense wat dié taal magtig was, 'n sterk gevoel van eiewaarde of selfs meerderwaardigheid laat voel. Die Nederlanders het vir die eerste keer tot die besef gekom dat hul eie geestesgoedere, soos hul godsdiens, gewoontes en bo alles — hulle taal — gevaaar loop om in die nuwe taal (Engels) geabsorbeer te raak. Die Hollands van die amptenary het nou stadig maar seker die fase waarin Afrikaans was, betree, naamlik dié van 'n "laefunksietaal" — nou egter om politieke redes, nie sosiale redes nie!

Bevestiging hiervan vind ons byvoorbeeld in die kerkblad, *De Kerkbode* van 16 Februarie 1856 in 'n artikel met die volgende strekking: Die Hollandse taal raak in die Hoofstad, in die meer aansienlike dorpe en in die Ooste-like Provinsie in onbruik ... Dr. T. Hahn verwys in 1882 neerhalend na Nederlands wat "weinig verstandelijke boeken" gelewer het (Steyn 1980 : 167). Op 5 Junie 1851 skryf 'n korrespondent in *De Zuid-Afrikaan*:

*"Although an advocate for the more general diffusion of English amongst all classes, ... still I would allow the Dutch language to slide away gently into the grave of oblivion."*

Op 'n later geleentheid:

*"De Kaap is Engelsch, de heele regering is Engelsch, en daarom moet het Hollandsch voor het Engelsch in de Kerk ook plaats maken"* (Scholtz 1964 : 119).

"Opmerker" meld in 'n brief in *Elpis* (1860) dat die dogters in kosskole ingeprent word:

*"... Hollands(e) taal en zeden niet alleen te verachten, maar ook met medelijdend schouderophalen neer te zien op 'the ignorant Dutch people'..."* (Scholtz 1964 : 123).

Ten opsigte van advokate wat in Nederland gestudeer het,  
vertel Swaving dat hulle nou:

"... van heden af hunne welsprekendheid in eene voor hun vreemde taal moesten beproeven; want van 1 Januarij 1828 af heeft de Nederlandsche taal opgehouden door de gewelven der raadzaal deser voormalige Hollandsche volksplanting te weergalmen." ("Zonderlinge Ontmoetingen" : 291-292 in Conradie 1934 (Deel I) : 270).

Die ebtyd van Hollands in Suid-Afrika was op sy laagste in Oktober 1859 toe beweer is dat die Kolonie tog heeltemal Engels was:

"... en wij, hoe ook verkleefd aan die taal waarin wij opgevoed zijn, of welke wij onze 'moedertaal' noemen, kunnen even zoo min de eb en vloed der zee keeren, als beletten dat de Engelsche taal algemeen worde!" (Het Volksblad : 25, 27 Okt.; 3, 8 Nov. 1859 in Conradie 1934 (Deel I) : 289).

Engels het dus nou die plek van Nederlands as hoëfunksietaal oorgeneem. Engels het in der waarheid die draer van die kulturele rewolusie geword, terwyl Afrikaans en Hollands moes veg om hul beskeie posisies te handhaaf. In 'n poging om die voortbestaan van Afrikaans te verseker in 'n tydvak waarin daar nog nie sprake van 'n eie Afrikaanse politieke substruktuur was nie, is Nederlands as skans teen verengelsing en die kulturele rewolusie ingespan. Alleen 'n gevestigde kultuurtaal, Nederlands, gev rugsteun deur 'n politieke onderbou, sou in staat wees om teen 'n ander gevestigde kultuurtaal, Engels, stand te hou. Ene mngr. O. Kamerlingh Onnes (Amsterdam) verklaar op die 20ste Taal en Letterkundige kongres in Brussel:

"Dat de Afrikaner aan het Nederlands vasthoudt, is te prijzen, dat hij sterk Nederlands gezind te werk gaan, bij de wording zijner Afrikaanse taal - wie onzer zal het niet hogelik waarderen? (Nienaber en Heyl s.j. : 79).



Hy voeg egter hieraan toe: "Maar die nasionale taal voor Suid-Afrika is het Afrikaans!" en met dié verklaring bevestig hy dat alles in die stryd gewerp moet word vir die uiteindelike erkenning daarvan.

Claassen (1977 : 119) wys daarop dat as 'n aantal mense (voorstanders van Afrikaans *en* voorstanders van Nederlands) 'n gewig (stryd teen Engels) wou optel, hulle dit kon doen deur almal aan dieselfde tou te trek. Hulle kan dit ook vermag deur twee toue aan die gewig vas te maak, sodat die een groep (voorstanders van Nederlands) aan die een tou en voorstanders van Afrikaans aan die ander tou kon trek.

*"As daar laer teen die vyand getrek word (stryd teen Engels) beteken dit nog lank nie dat almal van dieselfde wapens voorsien moet word nie"*  
(Claassen 1977 : 119).

In dié verband verdien die Suid-Afrikaanse Akademie vermelding, want dit was dié liggaam wat kort na die stigting in 1909 die versoeniging tussen die voorstanders van Nederlands en Afrikaans bewerkstellig het. Dit is die groot betekenis van die stigting van die Akademie

*"... dat die voorstanders van Nederlands hulle bereid verklaar het om saam te werk en sodanig die werksaamhede van die voorstanders van Afrikaans erken as gedaan in belang van die Hollandse taal in Suid-Afrika ('Hollands' = 'de beide taalvormen gebruiklik in Suid-Afrika')"*  
(Nienaber 1975 : 33).

## 7.2 DIE EERSTE VERNEDERLANDSING

Die voorstanders van Afrikaans en die voorstanders van Hollands het hul kragte saamgesnoer en aanvanklik aan een tou saamgetrek, met die gevolg dat Afrikaans grootliks in die proses vernederlands is. M.E.R. (1972 : 102) beskryf dié verskansingsrol van Hollands soos volg:

"Die Yslandpapawertjies blom. Elke more het daar weer 'n paar knoppe, wat tot dusver kop na onder gestaan het, regop gekom, en die twee helftes van elkeen se vlesige groen omhulsel het 'n skrefie tussen hulle, waar jy kleur kan sien. Sodra die son hulle lekker beskyn, stoot die ontluikende papawertjies die uitgediende halfdoppies om die blom heeltemal weg, en hulle val ongemerkt af. Sonder hulle omsluiting kon die blom geensins gesond en reggeskape uitkom nie – daar sou skade van buite gekom het wat hulle kon misvorm; maar as die ontplooingstyd daar is, moet die omhulsel, wat nie meer kan beskerm nie, noodwendig afval. SO HET DIE NEDERLANDSE TAAL ONSE AFRIKAANS TEEN BE-SKADIGING VAN BUISTE OMHUL EN BESKERM EN LAAT GROEI, EN TOE DIE VOLLE WASDOM DAAR WAS EN DIE VOLKSGEVOEL DIE WARMTE VIR ONTPLOOIING VERLEEN, HET DIT AFGEVAL" (Eie beklemtoning).

Hierdie "verskanste" taal is dus as nie-standaardtaal in der waarheid die geleentheid gegun om te ontwikkel, want Nederlands, as die standaardvorm, moes as't ware die houe en aanslae afweer. Die feit dat Nederlands juis in dié stryd teen Engels gebruik is, moet toegeskryf word aan die versiendheid van mense soos De Waal, ander koerantredakteurs en geleerde wat besef het dat 'n kultuurtaal, 'n standaardtaal soos AB-Nederlands, hoe waardevol ook al, nie behoue kan bly as hy nie meer 'n volksstaal is nie. S.J. du Toit (in Pienaar 1943 : 176-177) het in stelling 35 en 44 (van sy 71 theses of stellinge) verklaar:

"En di Afrikaanse boompi groei intussen langs di oue Hollanse stam op, en slaat sy arme vriendelik daarom heen" ... "... want hy voel solank as hy nog swak is, het hy di steun nodig. Di dikke wortels van di oue boom beskerm syn jonge wortels teen di Engelse byl; di stywe tak beskut syn jonge lote teen storme, en di oue boom sterf tog lanksaam weg, en net so vinnig neem hy di plek in ... En tog groei di boompi op. Gen byl of pik doet hom skade ni. En aan di ander kant, di oue boom sterf mar gedurig weg. Syn beskermers spit om hom, en goi mis, en lei water. Mar intussen trek di

*jonge boompi al di voordeel daarvan. En teeno'er Hollans seg ons openlik: Teeno'er Engels staan en werk ons same; nou werk ons nog mé om di vorm van Hollans onse gesamentlike taal in di publike lewe en staatsbestuur erkend te kry ... Di dag sal kom, dat Afrikaans as Volkstaal sal moet erken worde; en sodra ons kans siin daar-toe, sal ons dit eis oek."*

Party voorstanders het selfs die absurde aangegryp en hierdie teruggryp na Nederlands gesien as 'n geleentheid om Nederlands weer 'n spreektaal te maak. So het mnr. W.J. Stucki byvoorbeeld in *De Unie* geskryf:

*"In plaas van ik is, ons is, hulle is weten onse lesers dat het wezen moet: ik ben, wij zijn, ze zijn. Warom dan voortgaat met te spreken: ik is, enz. en te schrijven ik ben, enz.?" (in Steyn 1980 : 192).*

Stucki het die Afrikaners dus aangeraai om die suiwer Nederlandse vorm te gebruik en selfs aan die hand gedoen dat 'n bond gestig word om "grammatikaal Hollands te spreken".

Máár, soos reeds genoem, het De Waal en ander besef dat Afrikaans die spreektaal van die mense was; dat Nederlands 'n beskermingsfunksie te verrig het — wat mettertyd onnodig sou blyk te wees, sodra die Afrikaanse "papawertjie" in staat is om wind en weer te trotseer. OngeLUKKIG is egter die feit dat bepaalde, eie Afrikaans-hede in dié proses van teruggryp na Nederlands — ver-nederlandsing van Afrikaans — in die slag moes bly. In die proses om die taalvorme so ver moontlik van Engels af in 'n vorm te kry wat enigsins nog die blyke van kultuurtaal gedra het, is die kind dikwels saam met die badwater uitgegooi.

Van hierdie laasgenoemde poging gee die vraag wat by die Eerste Afrikaanse Taalkongres van 1896 aan die orde was, blyke

"... of ons sal probeer om 'n tussentaal te maak tussen Afrikaans (soos di Patriot dit skrywe) en Hollans?" (Pienaar 1943 : 191).

Dit was juis die vergeefse taak wat die Taalbondmanne in hierdie jare begin nastreef het, deur naamlik die "ver-eenvoudiging der Nederlandse taal" vir gebruik in Suid-Afrika te propageer. Máár, terwyl die Taalbond hom beywer het om die taal van Holland op 'n manier te probeer "verafrikaans", het dit hier gegaan oor die moontelikheid om die taal van Suid-Afrika te probeer, 'ver-hollands'<sup>1)</sup> (Pienaar 1943 : 191).

Selfs die voorgangers in die Afrikaanse stryd — die Genootskappers — het geweet

"... dat Afrikaans nog "onaf" was en dus sy voordeel kon doen met die verrykende en ver-edelende invloed van Nederlands. Solank Afrikaans nog nie genoeg prestige gehad het nie, was hul onvermoeide yweraars vir die erkenning van Nederlands in skool, gereg, parlement en staatsdiens en het hulle self nog gereeld in Nederlands gepubliseer en mee-gewerk aan Hollandse koerante en tydskrifte ... Nederlands was vir hulle die natuurlike bond-genoot in die stryd teen die verengeling" (Antonissen 1960 : 33; Kannemeyer 1978 : 54).

Soos Antonissen dus vermeld, het hierdie eerste vernedelandsing van Afrikaans hom op verskeie vlakke voltrek. Een vlak was byvoorbeeld die suiwer taalkundige strydperek waar onder andere Nicolaas Mansveld die eerste wesenlike teenstelling Nederlands teenoor Engels, Hollandse Afrikaner teenoor Brit ten opsigte van die taal getrek het:

"Dit was die sine qua non vir die latere ontwikkeling van Afrikaans, want waar 'n stryd gaan om volksbehoud kan geen enkele stap

---

1) Vergelyk in dié verband: Den Besten (1980 : 173).

*oorgeslaan word nie. Eers weer terug na Nederlands om op krag te kom en dan kan die Afrikaanse vorm van Nederlands veilig aan die toekoms oorgelaat word" (Conradie 1934 (Deel II) : 143-144).*

Die skole het ook 'n rol te speel gehad. Conradie (1934 (Deel II) : 276) meld in dié verband:

*"... heeltemal uit eie krag kon die Afrikaner dit nooit so ver gebring het nie. Die grootste steun het gelê sowel in die Hollandse skool vir voorbereidende onderwys, die Tot Nut van 't Algemeen, wat ... 'n magtige damwal teen die Engelse stroom opgewerp het, as in die Zuid-Afrikaansche Athenaeum wat in 1829 opgerig is onder 'n Hollandse rektor, na Amster-damse model."*

Selfs die ATG het verklaar:

*"Die Genootskap sal trag om sij doel te bereik ... deur die onderwijs in die Nederlandse taal ... op die skole te help bevorder" (Pienaar 1943 : 268).*

Hierdie eerste proses van die vernederlandsing van Afrikaans het homself ook in die letterkunde vergestalt. Conradie (1934 (Deel I) : 336-337) merk op dat die verengelsing bygedra het tot

*"... 'n opwekking van die leeslus onder die Afrikaanse volk, 'n onbewuste maar sterk propaganda vir die Hollandse taal, 'n oriëntering na Holland en die vasteland van Europa toe die volksbewussyn op sterwe gelê het in Kaapstad, en in die Noorde heelwat te wense oorgelaat het, en 'n bloei van die Hollandse joernalistiek en literatuur in Suid-Afrika toe die Engelse wedywer sy wig al diep ingeslaan het in die Hollandse boom."*

Sy gaan voort:

*"Die geheim van sukses van die eerste beoefenaars van Afrikaans as kunstaal lê daarin dat hul die toon van die onderste sport van die*

volkstoornladder uitnemend getref het.  
'n Volk bestaan egter nie net uit een laag nie en terwyl Afrikaans sy natuurlike groei deur die hele toonladder moes voltooi, moes Nederlands die toon van die hoër sporte daarvan bly ..." (Conradie 1934 (Deel II) : 54).

Hierdie teruggryp na Nederlands het selfs so ver gevorder dat prof. dr. C. Bellaar Spruyt kiste Nederlandse letterkundige werke vanuit Nederland gestuur het vir gebruik in dié proses (Conradie 1934 (Deel II) : 144).

Die bolwerk wat Nederlands teen verengelsing moes vorm, het selfs geleid tot die sogenaamde Hollandse beweging. Kannemeyer meld dat die gevolg hiervan was dat verskeie verenigings vir die bevordering van Nederlands in die lewe geroep is en dat 'n hernude belangstelling in Nederlands aangewakker is.

"Hierdie belangstelling vir Nederlands sou ook uiteindelik vir die bevordering van Afrikaans voordeilig wees" (Conradie 1934 (Deel II) : 144).

Mansvelt vat die hele proses van die eerste vernedelandsing van Afrikaans ten opsigte van taal en letterkunde uitstekend saam in 'n opmerking tydens 'n Nederlandse kongres vir taal en letterkunde in 1901:

"De Afrikaner begreep, dat het nog onontwikkeld Afrikaansch voor zijn kroost een gebreklig wapen zijn zou in den strijd om't bestaan tegen het machtige Engelsch, en wat ook de toekomstige vorm zijn zal dien het Nederlandsch in Z.A. zal aannemen, voor het tegenwoordige beginnen de leiders des volks, dat het niet aangaat, de Z.A. sloep van het Nederlandsche schip los te kappen" (Conradie 1934 (Deel II) : 152-153).

Hierdie eerste poging tot die vernederlandsing van Afrikaans het in 'n sekere sin 'n "heilige" doel gedien, maar as 'n volledige vernederlandsing of 'n terugkeer tot 'n Hollandse bestel, het dit misluk. Soos so dikwels al uit die verlede bewys is, is 'n politieke onderbou nodig as daar met die taal vordering gemaak wil word. (Vergeelyk Du Plessis 1983 : 4-26.) Antoine Meillet kom tot die konklusie:

*"Maar er is geen volk, dat niet streeft naar het bezit van een eigen taal, en een taal voert slechts een moeilijk en roemloos bestaan, dáár waar zij den steun van het nationaliteitsgevoel mist"* (Steyn 1980 : 430-431).

Hierby sluit hy by C.M. van den Heever aan wat glo:

*"'n Volk se taal hang ten nouste saam met die innerlike selfstandigheidsgevoel van daardie volk. Dit is 'n middel tot bevryding van geestelike kragte. Dit help om gestalte te gee aan die volk se ideale en om 'n objektiewe beeld te vorm van sy geestelike werksaamheid. Dit is daarom byna vanselfsprekend dat nasionalisme en volkstaal innige bondgenote is"* (Van den Heever 1952 : 6).

So 'n politieke en nasionale onderbou was onder die Afrikaners aan 't opbou — na 1878 kry ons 'n nasionale oplewing van Afrikaners vanweë die anneksasie van Transvaal en die Vryheidsoorloë; die groei van *Die Afrikaanse Patriot*; die groei van die Afrikanerbond; 'n nog groter nasionale oplewing vanweë die Rebellie en sy nasleep; die groei van *Het Volksblad* en *Die Burger* en die groei van die Nasionale Party.

*"Nasionalisme wás dan die derde groot faktor wat Afrikaans gehelp het om te oorleef"* (Steyn 1980 : 226).

Die Afrikanerstryders wie se spreektaal nog altyd Afrikaans was, het besef dat die taal meer as net 'n kommunikasiemedium is. Omdat dit iets meer is, moet sy



sprekers alles in hul vermoë doen om dit te beskerm – dis die uitgangspunt van 'n taalnasionalis en dit was ook die uitgangspunt van die Afrikaanse taalnasionaliste. Die taalstryders het dus alles in die stryd gewerp: terwyl hul getrou gebly het aan hul spreektaal, het hul Nederlands as skans teen verengelsing en die totale vernietiging van Afrikaans ingespan; hulle het weer eens hoër funksies vir die Nederlandse taal verkry as taal met dieselfde regte as Engels. Máár, toe die Afrikanernasionalisme opvlam, het die mense besef:

*"Taalgetrouwheid alleen sou op die duur nie genoeg wees om Afrikaans te laat oorleef nie. Die taal moes ook hoë funksies verower waarsonder geen taal in 'n moderne samelewing kan floreer nie" (Steyn 1980 : 186).*

Die Afrikaanse voorstanders het besef dat Nederlands funksies gewen het en dat Afrikaans op sy beurt weer daardie funksies by Nederlands moes oorneem. Op die stryd om laasgenoemde te bewerkstellig, sal hier nie in besonderhede ingegaan word nie, maar die waarheid was dat Nederlands – "die toon van die hoër sporte" – geleidelik verstom het voor die steeds sterker wordende nuwe geluid van Afrikaans in al sy toonvariasies:

*"Die Nederlandse taalvorm vertoon 'n lyn wat uiteindelik in stippels verloop, terwyl Afrikaans met parallelstippels begin en hoe langer hoe dikker groei tot die vaste lyn en die Nederlandse stippels heeltemal uitvlak"*  
(Conradie 1934 (Deel II) : xxv).

Afrikaans se funksies het uitgebrei en mettertyd kon hy sy plek naas Hollands as hoëfunksietaal inneem:

*"Op 8 Mei 1925 het die Volksraad en Senaat ... goedgekeur dat Afrikaans naas Nederlands ook die medium van wette, wetsontwerpe en offisiële dokumente van die Parlement sou kon wees" (Steyn 1980 : 193).*

Nog later het hy alleen sy man gestaan teen die ander amptelike landstaal, Engels.

Máár, Afrikaans sou nie die bande met Nederlands totaal en al verbreek nie. Na die amptelike erkenning van Afrikaans as offisiële landstaal het die Engelse aanslag teen hierdie "jong" taaltjie in al sy felheid losgebars en weer eens sou 'n teruggryp na Nederlands noodsaaklik wees vir oorlewing.

### 7.3 DIE TWEEDE VERNEDERLANDSING

Tot in die dertigerjare van hierdie eeu was daar nog verwysings na die minderwaardige status van Afrikaans: "die sogenaamde taal", "die taal wat nie regtig 'n taal is nie", "the jargon without literature, without scientific basis and without practical value outside local confines" (Steyn 1980 : 213). Die Wet het nou bepaal dat hierdie "sogenaamde taal" 'n volwaardige taal is en gerugsteun deur 'n politieke substruktuur moes dit as offisiële taal sy plek naas Engels inneem:

"... die Afrikaans wat tot 1900 ontwikkel het, (het) in 1925 teenoor Engels en die Engelse maatskaplike orde te staan gekom. Hierdie Afrikaans was inklusief sterk ontwikkel, maar het slegs die eerste botsels van 'n eksklusiewe ontwikkeling getoon, 'n ontwikkeling wat buitendien toe reeds 25 jaar onderbreek was."

"Afrikaans was dus glad nie die gelyke van Engels nie, maar die wetgewers het gesê dit is so. En die Afrikaners het dit beaam. Daarmee het hulle die taak op hulle geneem om die eksklusiewe woordeskaf van Afrikaans tot op die peil van Engels op te voer ... in Suid-Afrika het die geskiedenis en die wetgewers 'n eksklusiewe taalskat van Afrikaans geëis voordat die Afrikaner as Afrikaner behoorlik gespesialiseer en tot gildevorming oorgegaan het" (Posthumus 1965 : 195).

Soos reeds genoem, moes daar vir dié proses weer eens na Nederlands gegryp word — hierdie keer egter 'n geslaagder poging as die eerste vernederlandsing van Afrikaans, want selfs vandag in die laaste kwart van die 20ste eeu ly ons nog (onnodiglik?) onder die spore van hierdie tweede vernederlandsing van Afrikaans.

Dus, om aan die eis van 'n offisiële taal naas Engels te kon voldoen, moes taalbeplanning gedoen word, 'n AB-standaard moes daargestel word, 'n woordeskat wat in alle sfere van die moderne samelewing sy man kon staan, moes opgebou word, 'n spellingsisteem moes voorgehou word, ensovoorts, ensovoorts. Vrae soos: Wat is korrek? of: Waarom is dit of dat verkeerd? sou nou ten opsigte van die taal beantwoord moes word.

Watter maatstaf of standaard het ons vir die beantwoording van sulke vrae? In die geval van 'n jong taal soos Afrikaans wat nog nie 'n ou tradisie agter die rug het nie, was laasgenoemde 'n baie belangrike oorweging.

Afgesien van die sewe maatstawwe van Jespersen (die standaard van gesag, aardrykskundige standaard, letterkundige, aristokratiese, demokratiese, logiese en estetiese standarde) (Boshoff 1963 : 26), sou Afrikaans nog 'n ander standaard in ag moes neem, naamlik die Nederlandse standaard. Is die Patriotmanne van destyds wat sterk hiervan afgewyk het, dan nie deur Afrikaners, sowel as Nederlanders die verwyt toegevoeg dat hulle onnodiglik van Nederlands afgewyk het nie? Die taalmanne van 1925 het dus nou begryp dat hulle om praktiese redes nie al te ver van Nederlands moes afwyk nie. Hulle het dus van die standpunt uitgegaan om voorkeur aan die eie Afrikaanse woord of uitdrukking te gee. Besit ons self niks geskiks nie, of kan ons met niks bruikbaars vorendag kom nie, moet aan Nederlands ontleen word.



"Kortom, die meeste wesenselemente van Nederlands is in Afrikaans behou" (Kempen 1965 : 113).

(Daar moet net in gedagte gehou word dat dit die ABA, die skryftaal, is wat hier ter sprake is.)

Postma ondersteun dan ook hierdie werkwyse:

"Ons wil 'organies' te werk gaan. Dit wil sê ons wil die taal natuurlik laat groei soos 'n loot uit die ou stam ... Ons wil na aan Hollands hou ... Ons moet tevreden wees om een stap te gaan, en dit aan ons kinders oor laat om 'n stap verder te gaan as hulle wil" (in Nienaber en Heyl s.j. : 87).

Dr. D.F. Malan huldig dieselfde standpunt, maar voeg egter sekere voorbehoude daaraan toe:

"Als een levend organisatie neemt een taal vreemde stof in zich op, maar het doet dit nooit zonder het tegelijk ook te assimileren ... Talen evenals de meest eksklusieve volken, stellen aan vreemde woorden de onverbiddelike eis van naturalisatie. Zo kan het Afrikaans dan ook tot in het oneindige uit het Nederlands putten 1), en zich uit het Nederlands verrijken, zonder daarmede in een enkel oogzicht op te houden Afrikaans te zijn" (Nienaber en Heyl s.j. : 96).

Hiermee stem Pienaar saam:

"Dáár (die noodsaaklikheid om met die Dietse stamland en -taal in voeling te bly) lê die bron waaruit voortdurend moet geput<sup>2)</sup> word

- 
- 1) Dit is juis die kern van die gevare van vernedering. Daar mag nie té veel op Nederlands (ABN) gesteun word nie. AB-Nederlands is 'n vreemde taal vir Afrikaans. In verband met Anglicismes, ensovoorts moet daar na die Nederlandse nie-standaardtale gekyk word — AB-Afrikaans is geen model van hoe Afrikaans daar moet uitsien nie.
  - 2) Vergelyk 1).

ter verryking van ons taalinhoud; daar is die aangewese rugsteun ter bestryding van die anglisistiese gevaar wat ons dag en nag voor die deur staan; daar vind ons die eeue-oue literatuur wat ons gemeengoed is. Dit sou dus die opperste dwaasheid wees om ons daarvan te wil isoleer, in die gevaelike mening dat ons reeds sterk genoeg is om heeltemal op eie bene te kan staan" (in De Villiers 1936 : 268).

Prof. J.J. Smith meld dan ook in 1926:

"Dit is vir ons ongetwyfeld van die aller-grootste belang om ons skryftaal so ná moontlik aan die Nederlands te hou en nie onnoodiglik verskille te gaan vergroot of te gaan invoer nie" (in Nienaber en Heyl s.j. : 128).

(Vergelyk in dié verband die siening van die Taalkommis-sie in Die Afrikaanse Woordelys en Spelreeëls, 1964 :: 1-2):

"Daarom is dit so raadsaam om oral waar daar twee of meer spreektaalvorme van dieselfde woord of uitdrukking bestaan, altyd dié vorm te kies wat die naaste aan die teens=woordige Nederlandse skryftaal<sup>1)</sup> is; daarom is dit so uiters wenslik om by die aanvulling van ontbrekende woorde en idiome in die eerste plaas na die groot Dietse voorraadskuur te gaan; ... daarom is dit so nood-saaklik om in alle gevalle waar daar twyfel omtrent die korrektheid van 'n woordvorm of uitdrukking bestaan die Nederlandse taalge-bruk die deurslag te laat gee" (in Nienaber en Heyl s.j. : 128).

Basson (1936 : 155) sluit hierby aan:

"Die Afrikaner het besef dat sy taaltjie maar nog taamlik onbeholpe is en om hom so vroeg al op eie bene te wil laat staan, sou nooddottig wees. En daar is ook geen rede daarvoor nie; want hy het die wettige geboortereg om homself te voed uit die ryke Dietse kultuur

---

1) Vergelyk die voetnota op p. 168.

*van sy voorsate. En dit het 'n fundamentele noodsaklikheid geword ..."*

'n Proses van vernederlandsing van Afrikaans is dus uitgespel. (Dit blyk ook duidelik uit die bovenoemde aanhaling van prof. Smith: Afrikaans was nie Nederlands nie, maar moes nader daaraan beweeg!) Om aan die eis van offisiële taal naas Engels te voldoen, is die eie Afrikaanshede wat diensbaar was aan die nuwe omstandighede van die bestaan, behou. Dit wat nie diensbaar was nie het verlore gegaan. Verder het ons in hierdie wordingstryd na Nederlands teruggegryp ten opsigte van die volgende aspekte:

#### 7.3.1 WOORDESKAT

Preller het aan die begin van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging die opmerking gemaak dat Afrikaans, wat sy woordeskat betref, gelyk is aan Nederlands plus Afrikaans (Nienaber 1965 : 59). Dit is 'n ietwat krassie stelling, want nie alle Nederlandse woorde (afgesien van nieuvorminge en ontlenings) wat tot die standaardtaalfase behoort het, het deel vandien nie-standaardtaal se taalskat geword nie. Maar, soos Kempen (1965 : 113) dit stel:

*"... ons woordeskat is in hoofsaak nog Nederlands, met woorde soos mens, dier, plant, lug, lewe en liefde."*

Ds. Boshoff meld in *Die Huisgenoot* van November 1922 : 229:

*"Waar die inherente vormkragte van Afrikaans self tekortsiet, sal Afrikaners hulle in die eerste plek moet behelp uit die oeroue Dietse voorraadskuur."*

Daar sal dan ook in die hieropvolgende hoofstuk aangetoon word in hoe 'n mate die Afrikaanse woordeskat vernederlands het.

### 7.3.2 SPREEKWOORDE

D.F. Malherbe se boek *Afrikaanse Spreekwoorde en Verwante Vorme* (1924) wys hoeveel spreekwoorde regstreeks en onregstreeks uit Nederlands kom: iemand betrek, slag vir slag, aardjie na sy vaartjie, 'n kooltjie vuur kom haal, ensovoorts. Baie tipiese Boere-Afrikaanshede het moontlik in die slag gebly ten gunste van die Nederlandse uitdrukking. Soms egter, is die inkleding gewysig om by die nuwe bestaansomstandighede aan te pas. Die teruggryp na Nederlands — selfs nog in die sestigerjare — het 'n man soos prof. S.P.E. Boshoff laat uitroep:

*"In die taal van joernaliste, radio-omroepers en vertalers ... te pas en te onpas (en dikwels sommer heeltemal dwarsweg en verkeerd) word allerlei sogenaamde idiomatiese uitdrukings, meestal van Nederlandse herkoms, aan die hare daarby gesleep ... Ons is terug by die grammaticas en idiomeversamelings van Stucki, Elffers en Dingemans, en dit na drie-kwart eeu sedert die begin van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging!"* (1963 : 99).

### 7.3.3 SINSBOU EN WOORDORDE

Bogenoemde is tegniese aspekte wat nie maklik verander nie, behalwe by die vermenging met 'n taal van ongelyke struktuur. Dus, hierin is Afrikaans en Nederlands in hoofsaak dieselfde. Máár,

*"... op dié gebied het ons dus nie berus by wat Nederlands ons gegee het nie, maar verbeter op die goeie voorbeeld"* (Kempen 1965 : 115).

### 7.3.4 DIE BYBEL

Die woordeskat, woordorde en sinsbou en allerlei spreekwoordelike uitdrukkinge van 'n taal kulmineer seer sekerlik in een van die belangrikste boeke van die Christenmens, die Bybel.

Aangesien 'n Bybelvertaling in ander lande (Duitsland en Nederland) die maatstaf van 'n standaardvorm daar kon stel, kan die mag wat vanaf die Afrikaanse Bybelvertalers uitgegaan het, nie onderskat word nie. Dit is 'n onweerlegbare feit dat daar telkemale wanneer 'n Afrikaanse Bybelvertaling ter sprake was, gewys is op die tydsfaktor: Die tyd is nog nie ryp nie! Dít kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat baie van die vertalers nog die stigma van 'n nie-standaardtaal, van 'n laefunksietaal, aan Afrikaans gekoppel het. Toe hierdie "lelike dialek van Nederlands" (Nienaber 1982 : 16) later wel as Bybeltaal gebruik is, is dit feitlik seker dat 'n vernederlandsing, 'n teruggryp na Nederlands, in die taal te bespeur sal wees. Hiérdie aspek word in die volgende hoofstuk in meer besonderhede bespreek.

#### 7.3.5 SPELLING EN SPELREELS

Waar die Patriot-Afrikaners veral ten opsigte van die spelling van Nederlands afgewyk het en die gevolglike verwyt daarvoor toegewerp is, het die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie van die standpunt uitgegaan dat hy nie onnodiglik van die Nederlandse spelling wil afwyk nie.

Tussen dié twee pole (té konserwatief X te sterk Nederlands gekleur) het die hele spellingkwessie verweef gelê. So het De Waal op 3 September 1904 in *Ons Taal* gepleit:

*"Als wij toch van de Nederlandsche taal en spelregels moeten afwijken, waarom moet de afwijken net genoeg wezen om onze taal in een zeer gebreklig Nederlandsch te veranderen? Waarom kan de afwijking niet, eens en voor altijd, zoo radikaal wezen dat ieder, die een zin in onze taal leest, dadelijk zal zeggen: Dat is geen quasi-Nederlandsch of gekunsteld Kaapsch-Hollandsch — dat is het zuiver Afrikaansch!" (in Pienaar 1943 : 242).*

Aan die ander kant voeg Malherbe (in Pienaar 1943 : 297) toe:

*"Daar die oog van die Afrikaner eenmaal gewend is aan die Nederlandse spelsisteem, sou geen spelling by ons ingang vind wat nie daarmee rekening hou nie."*

Ook hierdie aspek word in die volgende hoofstuk noukeuriger toegelig.

#### 7.3.6 WETENSKAP EN TEGNOLOGIE

Smith (in Nienaber en Heyl s.j. : 121) meld:

*"Afrikaans veral sal in sy wordingstryd veel te leer hê van die meer ontwikkelde Nederlands en sal ook sy woordvoorraad vir abstrakte en tegniese begrippe uit die ou Nederlandse taalskuur moet aanvul!"*

Gedurende die afgelope 100 jaar is die woordvoorraad van alle kultuurtale enorm uitgebrei deur die vooruitgang op wetenskaplike en tegnologiese gebiede:

*"Die toenemende gebruik van Afrikaans as tegnieke en wetenskaplike taal ... het aan sy ekspansievermoë buitengewoon hoë eise gestel. Die internasionale vakterminologie kan die Afrikaanse wetenskaplike betreklik maklik tot sy eie maak; waar die internasionale vaktaal leemtes gelaat het of minder bevredigend was, is vir aanvulling na die inheemse Nederlandse woordvoorraad gegryp" (Scholtz 1963 : 218).*

Posthumus (1954 : xiv), voorsitter van die Krygstaalraad, meld die volgende ten opsigte van weermagtermes:

*"Uit die literatuurlys sal die leser al kan aflei hoeveel waarde die Krygstaalraad aan aansluiting by Nederlandse heg. Die Raad het dan ook selde 'n woord gemaak as die Nederlandse term byderhand en geskik was."*

(Vergelyk in dié verband ook Picard 1982 : 130.)

Posthumus het in 'n persoonlike onderhoud vermeld dat hy in die jare toe daar weer eens na Nederlands ge= gryp moes word om die braakveld op die Afrikaanse vaktaal= gebied aan te vul deur die Regering na Nederland gestuur is om artillerieterme te gaan navors. Die rede: die meeste eie Afrikaanse terme het onder die angliserings= aanslag skipbreuk gely en al terme wat in Suid-Afrika nog lewend was (behalwe natuurlik die Engelse terme), was dié wat afkomstig was van die Nederlandse instrukteurs by die artilleriekorpse van die Republieke.

Afrikaans moes homself nou as amptelike taal handhaaf en het nie die "wapen" daartoe gehad nie. Dus is Afrikaans ook op dié gebied onoorsienbaar deur die teruggryp na Nederlands verryk. Die eindresultaat van prof. Posthumus se navorsing is dan eindelijk vergestalt in die gesag= hebbende *Weermagswoordeboek*, 'n werk waарoor 'n voormalige Minister van Verdediging, F.C. Erasmus, hom soos volg uitgelaat het:

*"Dit is baanbrekerswerk wat gedoen is en daar lê 'n reusestaak voor om die toenemende rol van die Afrikaanse taal as volwaardige gebruiksmiddel in die weermag tot sy reg te laat kom"*  
(Krygstaalraad 1954 : v).

Die Nederlandse inslag was ook nog lewend op juridiese vlak. Bosman pleit egter dat Afrikaans "... op staande voet" in Wetboeke ingevoer moet word:

*"Ek ... beweer dat dit nie alleen wenslik is nie, maar met die oog op ons hoe langer hoe gebrek= kiger wordende kennis van Hoog-Hollands, binne baie korte tyd noodsaaklik en onafwendbaar sal wees. Hierdie uitbreiding ... sal beteken 'n versterking van ons taal, en hoe eerder die uitbreiding plaasvind, hoe beter" (Die Huisgenoot: 13 Maart 1925 (IX) : 157).*

#### 7.4 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande blyk dit dus duidelik dat die amptelike taal, Afrikaans, 'n tweede keer na Nederlands moes teruggryp.

Selfs Kloek konstateer dat, histories beskou, die vokalistisme en konsonantisme van ABA enersyds 'n gemeensame (dialektiese Hollands) en andersyds 'n deftige (Hoog-Hollandse) karakter dra. Dit kom vir hom voor of op 'n bepaalde tydstip halt geroep is aan die "Afrikanisering" en dat dit gevolg is deur 'n "terug" na 'n suiwer-Hollands-sprekende jeug (1950 : 334).

Scholtz (1963 : 231) voeg hieraan toe:

*"Ek meen dit sal blyk dat byna alle ontlenings wat ingang in Afrikaans gevind het, nuttigheidsontlenings was wat Afrikaans baie verryk het. Sover ek kon nagaan, het dit selde gebeur dat 'n nuwe Nederlandse ontlening 'n ou gevestigde Afrikaanse woord verdring het. Net as daar in Afrikaans twee woorde met gelyke betekenis naas mekaar bestaan, lyk dit of die woord wat die steun van Nederlands mis, gevaaar loop om te verdwyn."*

Dis juis hierdie laaste waarheid wat Boshoff (1963 : 89) laat vra:

*"Ek kan nie insien watter diens daarmee aan Nederlands of aan Afrikaans bewys word deur die tweede altyd na die maatstaf van die eerste te wil meet nie. Wat het Nederlands daaraan? Kan ons Afrikaans op dié manier weer korrekte Nederlands maak? ... Vanwaar hierdie angsvallige konserwatisme wat Afrikaans altyd wil voorkeer en na Nederlands wil terugdryf?"*

Menings soos hierdie laat onwillekeurig die vraag by 'n mens opkom of ons nie dikwels onnodiglik die Nederlandse patroon probeer insleep waar daar niks of nie veel mee gewen kan word nie veral omdat Afrikaans nooit AB-

Nederlands was nie! Behou ons nie in dié proses allerlei hiperkorrekte skryftaalvorme, vorme wat geen juiste weergawe van die Afrikaanse taal is nie? Doen ons dit net ter wille van die verband met Nederlands of word die eie vorme as "te plat" beskou, omdat hulle hul eie ontwikkelingsloop geneem het en dus te ver van Nederlands afgewyk het? Ons kan saam met Boshoff (1963 : 89-90) vra: Wat moet vir ons die swaarste weeg: die Afrikaanse of Nederlandse taalbelange? Is dit uit 'n minderwaardigheidsgevoel of 'n vreeskompleks vir die toekoms dat ons ons eie ontwikkelingsgeskiedenis van ons taal ongedaan wil maak en telkens vreesbevange wil terugloop op die paadjie waarlangs ons tot hiertoe gekom het? Gelyk gegee, die aanvanklike teruggryp na Nederlands het 'n doel gedien – 'n doel waarin Afrikaans tot volle wasdom kan kom; maar waarom moet ons vandag nog aan hierdie verskynsel toegee? Boshoff (1963 : 90) vul aan:

*"As 'n woord, 'n uitdrukking of wat ook al nie in 'n Afrikaanse woordeboek of grammatika te vind is nie, dan bestaan dit nie, of as dit bestaan, maar nie in Nederlands te vind is nie, dan moet dit as die pes vermy word, want dan is dit gevaaarlik. ... Afrikaans is foutiewe Nederlands – laat hom dit bly; moenie van hom iets probeer maak wat nie Nederlands en ook nie Afrikaans is nie, maar 'n karikaturbeeld van albei ... maar trek hom om hemelsnaam nie Hollandse klompe ... aan om mee oor ons groot Afrikaanse vlaktes te loop nie. Laat hom liever kaalvoet sy pad vind soos ons Voortrekker vroue kaalvoet oor die Drakensberge hulle eie weg na die vryheid gesoek en gevind het. Dit is nie sentimentele dwepery nie: dit is gesonde taalkunde."*